Dr. A. Sizoo, *Augustinus Leven en Werken*. J. H. Kok, Kampen. 1957.

So smaakvol as die uitvoering so deeglik is die inhoud van hierdie werk. Sizoo vertel met die vlotheid van die ervare skrywer en die verantwoordelikheid van die wetenskaplike ondersoeker oor die lewe en werk van die noord-afrikaanse kerkvader en een van die grondvesters van die wes-europese beskawing.

Rondom sulke groot figure groei gou verdigsels en spekulasies. Maar in stiptelike trou aan die feitelikheid, verlaat die skrywer hom uitsluitlik op die outentieke bronne om aan die leser karakteriserende blikke in die ontwikkeling van die jong afrikaanse geleerde te gee, in sy worsteling om geloofssekerheid, in die aanleidinge tot sy oorgang tot die Christelike geloof. Dan teken hy Augustinus in sy biskoplike ampspraktyk en sy buitengewoon ryke prediking en sy bekwame bestryding van sektariese strominge. 'n Laaste kort hoofstuk waardeer Augustinus as mens, as persoonlikheid.

In sy eenvoud is die boek van Dr. Sizoo toeganklik vir elke ontwikkelde leser; in sy rykdom van gegewens en wetenskaplike betroubaarheid kan dit met vrug gelees word deur die vakgeleerde.

A. S. Geyser.